

Groete van Precept

Ons is so bly dat jy gekies het om God se Woord te bestudeer. Daar lê 'n opwindende tyd vir jou voor om te leer oor God, sy karakter, sy weë en die verhouding wat ons met Hom het. Ons is seker dat God se Woord vir jou die kennis en motivering sal bied om jou te help om waardig jou roeping in Jesus Christus te wandel. Net so is ons ook seker dat jy persoonlik uitgedaag, aangemoedig en verander sal word deur die krag van sy bonatuurlike Woord.

Ons wil graag met jou in verbinding bly sodat ons jou kan vertel van al die wonderlike dinge wat God deur Precept doen. Sal jy met ons in verbinding bly? Ons wil jou storie hoor van hoe God jou aangeraak het as gevolg van inductiewe studie van sy Woord.

Besoek ons *Precept Africa*-tuisblad by www.precept.org.za of vind ons op *Facebook* by *Precept Africa*.

Ter afsluiting wil ons jou bedank vir jou toewyding ten opsigte van die getroue bestudering van God se Woord en *“Lê jou daarop toe om jou voor God te stel as iemand wat die toets deurstaan het, as 'n arbeider wat hom nie hoef te skaam nie, wat met die woord van die waarheid die reguit pad aandui”* (2 Timoteus 2:15, *Die Bybel 2020-Afrikaanse Vertaling*). Ons deel 'n spesiale band met jou op grond van ons liefde vir God se Woord.

Ons sien uit daarna om van jou te hoor.

Die Precept-span

VOORSKRIF
OP
VOORSKRIF®

HEBREËRS

DEEL 3

JESUS, DIE LEIDSMAN
EN VOLEINDER
VAN DIE GELOOF
(HOOFSTUK 11-13)

VOORSKRIF OP VOORSKRIF®

HEBREËRS
DEEL 3
JESUS, DIE LEIDSMAN EN VOLEINDER VAN DIE GELOOF
(HOOFSTUK 11-13)

Hierdie is 'n spesiale Precept-uitgawe.
Oorspronklik in Engels gepubliseer onder die titel
HEBREWS
PART 3
JESUS, THE AUTHOR AND PERFECTER OF OUR FAITH
(CHAPTERS 11-13)

1ste Uitgawe © 2022 Precept South Africa

Precept, Precept Ministries International, Precept Ministries International: The Inductive Bible Study People, die Plumb Bob-ontwerp, Precept Upon Precept, In & Out, Sweeter than Chocolate!, Cookies on the Lower Shelf, Precepts For Life, Precepts From God's Word en Transform Student Ministries is handelsmerke van Precept Ministries International.

ALLE REGTE VOORBEHOU.

Geen deel van hierdie publikasie mag gereproduseer, vertaal of elektronies, meganies of in enige vorm geberg of versend word sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Hierdie beperking sluit in fotokopiëring, skandering of die berging van enige stof op enige inligtingbergingsstelsel. Gebruik met toestemming.

Indien anders vermeld, is alle Bybelaanhalings uit Die Bybel 2020-Afrikaanse Vertaling (AFR 20). Gebruik met toestemming van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

PRECEPT SOUTH AFRICA
Ringwoodrylaan 187 | Pinelands | 7405 | Suid-Afrika
www.precept.org.za | support@precept.org.za
Tel. +27 (021) 531-1836

Gedruk in Suid-Afrika
Augustus 2022

 **Precept**[™]
SOUTH AFRICA

BLADSY	LES
1	LES EEN: Hoofstukstudie van Hebreërs 11
5	LES TWEE: Geloof
7	LES DRIE: Hoofstukstudie van Hebreërs 12
11	LES VIER: Sonde en laste/dissipline/wortel van bitterheid
21	LES VYF: Hoofstuk 12 en 13: Kontras van twee berge
27	LES SES: Laaste aansporings van Hebreërs
	BYLAAG
45	Waarnemingswerkblaaië
60	Hoe om 'n hoofstukstudie te doen
62	Oor Precept

NUTTIGE STUDIEHULPMIDDELS

ARTHUR, KAY; ARTHUR, DAVID; DE LACY, PETE

How to Study Your Bible

Eugene, Oregon: Harvest House Publishers, 1994/2010

The New Inductive Study Bible — New American Standard Bible

Eugene, Oregon: Harvest House Publishers, 2000

Griekse Woordstudiehulpmiddels

AANBEVOLE KOMMENTARE

GUTHRIE, DONALD

Tyndale New Testament Commentaries: Hebrews

Grand Rapids, Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company, 1983

MORRIS, LEON; BURDICK, DONALD W.

The Expositor's Bible Commentary: Hebrews, James

Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House, 1996

PFEIFFER, CHARLES F.

Everyman's Bible Commentary: The Epistle to the Hebrews

Chicago, Illinois: Moody Press, 1962

AANBEVOLE SAGTEWARE

Logos Bybelsagteware

Kragtige soekenjins met tot 4 000 elektroniese Bybelstudiehulpmiddels (kommentare, leksikons, Bybelse woordeboeke ens.) maak vinnige, eenvoudige en gevorderde naslaan van veelvoudige bronne moontlik in 'n sistematiese en ordelike aanbieding — ideaal vir woord- en onderwerpstudies, gebaseer op die oorspronklike Hebreeuse en Griekse tekste. Beskikbaar by www.logos.com.

LES EEN Hoofstuk elf

HIERDIE
LES SLUIT
IN:

In die bylaag:
Waarnemingswerkblaai van Hebreërs 10 en 11

Geloof – die teenoorgestelde van afvalligheid! Geloof volhard ... afvalliges verlaat (die geloof).

DAG
EEN

1. Om vandag se studie te begin kyk ons na die **Hebreërs-oorsigwerkblad** aan die einde van hierdie les. Diegene wat Hebreërs Deel 1 bestudeer het, het reeds so 'n Oorsigwerkblad voltooi. Julle sou daardie een kon gebruik. Vir diegene wat nog nie Deel 1 bestudeer het nie, het ons 'n voltooide **Oorsigwerkblad** aan die einde van hierdie les ingevoeg om te gebruik.

Lees die inligting op die **Oorsigwerkblad** deeglik en sonder haas. Maak seker dat jy die boek- en hoofstuktemas begryp, veral dié van Hebreërs 1-10. Skenk ook spesiale aandag aan die sleutelwoorde en die skrywer se doel.

2. Lees nou Hebreërs 10:19-11:40 om die skrywer se gedagtegang vas te stel. Dalk wil jy jou reaksie op hierdie uiteensetting (*aansporing*) hieronder noteer.

VOORSKRIF OP VOORSKRIF®

Hebreërs Deel 3

Les 1: Hoofstuk 11

DAG
TWE
TOT
DAG
VIER

Gebruik jou **Waarnemingswerkblaai**e om 'n hoofstukstudie te doen van Hebreërs 11. Moet dit nie afjaag nie, geliefde. Gebruik jou tyd om oor die inhoud na te dink. Vra God watter persoonlike lesse jy kan leer wat jou geloof sal opbou. Skryf jou insigte neer.

Indien jy nog nooit 'n hoofstukstudie gedoen het nie, volg die instruksies soos uiteengesit in “Focusing In on the Details” in *How to Study Your Bible* of lees “Hoe om 'n hoofstukstudie te doen” in die bylaag van hierdie studie.

DAG
VYF

1. Lees Hebreërs 10:19-11:40 nog 'n keer. Terwyl jy lees en jou waarnemings hersien, gebruik ook tyd om God en Sy Christus te aanbid. Aanbidding (“worship”) is afgelei van die woord “worthship”. In essensie beteken dit dus om na iemand se “waarde” of “belangrikheid” (Engels “worth” of “value”) te kyk.

As jy klaar is, skryf 'n aanbiddingsgebed.

2. Ten slotte: Het jy die vrymoedigheid en geloofsekerheid waarvan Hebreërs 10:19-11:1 praat? Skryf jou antwoord hieronder neer.

HEBREËRS-OORSIGWERKBLAD

Boektema: Jesus, ons Hoëpriester / Kom ons hoor Hom, kom nader tot Hom en hou vas aan Hom

	Hoofstuktemas	Segmentverdelings		
Skrywer:	1 God het deur sy Seun gepraat, Jesus is hoog bo die engele verhef	God het deur sy Seun gepraat		
Doel: 'n Woord van aansporing (13:22)	2 Gee aandag aan dit wat ons gehoor het / Jesus het vlees en bloed geword			
Wanneer is die boek geskryf? Waarskynlik 64-68 n.C.	3 Let noukeurig op Jesus, Apostel en Hoëpriester/ Moenie julle harte verhard nie	Beskou Jesus, die Apostel en Hoëpriester van ons belydenis		
Sleutelwoorde: Jesus (Seun) God engel praat (gepraat, sê, gesê) sonde (sondaars) priester (priesters, priesterskap) daarom geloof (getrou) meer (meerdere, belangriker, groter) beter (beter as, meer voortreflik, uitnemender) laat ons perfek, volmaak belofte verbond, (testament)	4 Sorg dat julle Sy rus binnegaan			
	5 Jesus, Hoëpriester vir ewig volgens die orde van Melgisedek			
	6 Laat ons strewe / voortgaan na volwassenheid; sommiges het afvallig geword			
	7 Jesus se priesterskap wat nie tot 'n einde nie, is in staat om almal te red wat tot Hom nader			
	8 Jesus, Middelaar van 'n uitnemender verbond			
	9 Christus se bloed — 'n beter offer			
	10 Christus se liggaam is een keer geoffer, laat ons tot Hom nader en aan Hom vashou			
	11 Manne van ouds het aanvaarding deur geloof verkry			Jesus, Leidsman en Voleinder van die geloof
	12 Jesus, Leidsman en Voleinder van die geloof / Verdra dissipline			
	13 Jesus - dieselfde gister, vandag en vir ewig / moenie meegevoer raak nie			

BYLAAG

HEBREËRS 10

Waarnemingswerkblad

Hoofstuktema _____

DIE wet bevat immers net 'n afskaduwing van die toekomstige goeie dinge, nie 'n presiese weergawe daarvan nie. Daarom kan dit nooit deur dieselfde offers, wat onophoudelik jaar ná jaar gebring word, diegene wat kom aanbid, tot volmaaktheid bring nie.

2 Sou hulle nie andersins opgehou het om offers te bring, omdat die aanbidders, nadat hulle een maal gereinig is, nie meer enige besef van sonde sou hê nie?

3 Maar deur dié offers word hulle nou jaarliks aan hulle sondes herinner;
4 want die bloed van bulle en bokke kan onmoontlik sondes wegneem.

5 Daarom sê Hy met sy koms na die wêreld:

“Offerande en offergawe
wou U nie hê nie,
maar 'n liggaam het U vir My voorberei;

6 ja, brandoffers en reinigingsoffers
het U nie tevrede gestel nie.

7 Toe het Ek gesê,
'Kyk, hier is Ek om u wil te doen, o God!
Dit is in die boekrol oor My geskryf.' ”

8 Eers sê Hy hierbo,
“Offerandes en offergawes”,
en “brandoffers en reinigingsoffers
wou U nie hê,
en het U nie tevrede gestel nie” –

- 9 dit is wat volgens die wet geoffer word.
Dan sê Hy:
“Kyk, hier is Ek om u wil te doen!”
Hy beëindig die eerste, sodat Hy die tweede tot stand kan bring.
- 10 Volgens sy wil is ons heilig gemaak deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, eens en vir altyd.
- 11 Elke priester staan wel dag vir dag en diens doen, en bring oor en oor dieselfde offers, wat nooit in staat is om sondes weg te neem nie;
- 12 maar toe Christus vir altyd een offer ter wille van sondes gebring het, het Hy aan die regterhand van God gaan sit.
- 13 Sedertdien wag Hy totdat sy vyande ’n voetbank vir sy voete gemaak word.
- 14 Want deur een offer het Hy hulle wat geheilig word, vir altyd vervolmaak.
- 15 Ook die Heilige Gees getuig teenoor ons; want nadat Hy gesê het,
- 16 “Dit is dan die verbond
wat Ek ná daardie dae
met hulle sal sluit, sê die Here:
Ek sal my wette in hulle harte gee,
en dit op hulle verstand neerskryf,”
sê Hy ook:
- 17 “Aan hulle sondes
en aan hulle wettelose dade
sal Ek glad nie meer dink nie.”
- 18 Waar daar vergifnis hiervoor is, word ’n offer vir sondes nie meer gebring nie.
- 19 Broers, ons het dus vrymoedigheid deur die bloed van Jesus om in te gaan na die heiligdom,
- 20 langs ’n nuwe en lewende weg wat Hy vir ons geopen het deur die voorhangsel heen, dit is deur sy liggaam,

- 21 en ons het 'n groot Priester oor die huis van God.
- 22 Laat ons daarom ingaan met 'n opregte hart, in volle geloofsekerheid, met ons harte besprinkel, vry van 'n slegte gewete, en ons liggame gewas met skoon water.
- 23 Laat ons styf vashou aan die belydenis van wat ons hoop, sonder om af te wyk, want Hy wat die belofte gemaak het, is getrou.
- 24 Laat ons ons ook daarop toelê om mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dae,
25 sonder om ons eie samekoms te verwaarloos, soos sommige se gewoonte is; laat ons eerder mekaar aanmoedig, soveel te meer nog namate julle dié dag sien nader kom!
- 26 Want as ons willens en wetens aanhou sonde doen, nadat ons kennis van die waarheid ontvang het, bly daar nie meer 'n offer vir ons sondes oor nie,
27 maar wel 'n verskriklike verwagting van oordeel en intense vuur, wat God se teenstanders gaan verteer.
- 28 Wanneer iemand die wet van Moses verwerp het, het hy gesterf op grond van twee of drie se getuienis, sonder genade.
- 29 Hoeveel erger straf dink julle sal iemand verdien wat die Seun van God vertrap het, die bloed van die verbond waardeur hy geheilig is, gering geag het, en die Gees van genade uitgedaag het?
- 30 Want ons ken Hom wat gesê het:
“Aan My behoort die wraak;
Ek sal vergeld.”
en ook:
“Die Here sal sy volk oordeel.”
- 31 Verskriklik is dit om te val in die hande van die lewende God!
- 32 Maar onthou die vroeër dae toe julle, nadat julle verlig is, 'n geweldige stryd van lyding deurstaan het.

- 33 Aan die een kant is julle deur beledigings en deur verdrukking openlik bespotlik gemaak; aan die ander kant het julle julle vereenselwig met dié wat so behandel word.
- 34 Ook het julle met die gevangenes medelye gehad, en die beslaglegging van julle besittings met vreugde aanvaar, omdat julle weet dat julle 'n beter en blywende besitting het.
- 35 Julle moet dus nie julle vrymoedigheid prysgee nie; dit hou 'n groot beloning in.
- 36 Julle het inderdaad volharding nodig, sodat julle, wanneer julle die wil van God gedoen het, die belofte kan verkry.
- 37 Want nog net
“n baie kort rukkie,
en Hy wat kom, sal kom
en nie talm nie.
- 38 My regverdige sal deur geloof leef.
As hy hom egter sou onttrek,
het Ek geen behae in hom nie.”
- 39 Maar ons is nie deel van enige onttrekking wat tot ondergang lei nie, maar van die geloof wat lei tot behoud van die lewe.

HEBREËRS 11

Waarnemingswerkblad

Hoofstuktema _____

GELOOF, egter, is sekerheid van die dinge wat gehoop word, 'n bewys van die dinge wat nie gesien word nie.

- 2 Dit is immers vanweë hulle geloof dat daar met lof aangaande die mense van ouds getuig is.
- 3 Deur geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God geskep is. Gevolglik het dit wat gesien word, nie uit die sigbare ontstaan nie.
- 4 Deur geloof het Abel 'n beter offer as Kain aan God gebring, waardeur getuig is dat hy regverdig was toe God oor sy gawes getuienis gelewer het; en deur geloof praat hy nog steeds, al het hy gesterf.
- 5 Deur geloof is Henog weggeneem, sodat hy nie die dood gesien het nie, en “hy is nie gevind nie, omdat God hom weggeneem het”. Want voordat hy weggeneem is, is van hom getuig “dat hy God behaag het”.
- 6 Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan, en dat Hy dié beloon wat Hom soek.
- 7 Deur geloof het Noag, toe hy die goddelike opdrag ontvang het oor dit wat nog glad nie gesien is nie, en omdat hy in eerbied gehoorsaam was, 'n ark voorberei vir die redding van sy huis. Daardeur het hy die wêreld veroordeel, en 'n erfgenaam geword van die regverdiging volgens geloof.
- 8 Deur geloof was Abraham gehoorsaam toe hy geroep is om uit te trek na 'n plek wat hy as erfenis sou ontvang, en hy het weggetrek, sonder om te weet waarheen hy gaan.

- 9 Deur geloof het hy as bywoner in die land van die belofte gaan bly, soos in 'n vreemde land, en het hy in tente gewoon saam met Isak en Jakob, die mede-erfgename van dieselfde belofte.
- 10 Want hy het die stad verwag wat fundamente het, waarvan God die argitek en boumeester is.
- 11 Deur geloof het ook Sara, alhoewel reeds onvrugbaar, en nie meer jonk nie, krag ontvang om bevrug te word, aangesien sy Hom wat dit belof het, getrou geag het.
- 12 Daarom is daar uit een man, wat so te sê dood was, 'n nageslag gebore, in getal so veel soos die sterre van die hemel, en soos die ontelbare sandkorrels op die strand langs die see.
- 13 Al hierdie mense het in geloof gesterf sonder om die beloftes te ontvang, maar hulle het dit van ver af gesien en verwelkom, en bely dat hulle uitlanders en vreemdelinge op die aarde is.
- 14 Want dié wat sodanige dinge sê, gee te kenne dat hulle op soek is na 'n vaderland.
- 15 En as hulle nog aanhou dink het aan daardie land waaruit hulle weggetrek het, sou hulle geleentheid gehad het om terug te keer;
- 16 maar nou hunker hulle na 'n beter een, 'n hemelse een. Daarom skaam God Hom nie vir hulle om hulle God genoem te word nie, want Hy het vir hulle 'n stad voorberei.
- 17 Deur geloof het Abraham, toe hy getoets is, Isak as offer aangebied, en was hy op die punt om sy enigste te offer – hy wat die beloftes ontvang het,
- 18 aan wie gesê is, “Deur Isak sal daar vir jou 'n nageslag wees” –
- 19 omdat hy gereken het dat God die mag het om ook uit die dood op te wek, waaruit hy, figuurlik gesproke, hom ook terugontvang het.
- 20 Deur geloof het Isak vir Jakob en Esau geseën met betrekking tot toekomstige dinge.

- 21 Deur geloof het Jakob, terwyl hy sterwend was, elkeen van die seuns van Josef geseën, en “het hy in aanbidding gebuig oor die bopunt van sy staf”.
- 22 Deur geloof het Josef, toe hy op sy einde was, van die uittog van die kinders van Israel melding gemaak, en het hy opdrag gegee in verband met sy beendere.
- 23** Deur geloof is Moses, toe hy gebore is, drie maande lank deur sy ouers weggesteek, omdat hulle gesien het dat die kindjie mooi was, en hulle nie vir die koning se bevel bang was nie.
- 24 Deur geloof het Moses, toe hy grootgeword het, geweier om die seun van die dogter van die farao genoem te word,
- 25 en het hy eerder verkies om saam met die volk van God sleg behandel te word as om die kortstondige genot van sonde te beleef.
- 26 Hy het die smaad van die Christus groter rykdom geag as die skatte van Egipte, want hy het uitgesien na die beloning.
- 27 Deur geloof het hy Egipte verlaat sonder om bang te wees vir die woede van die koning, want hy het volhard soos een wat Hom, die Onsienlike, sien.
- 28 Deur geloof het hy die Pasga ingestel en die bloed laat aansmeer, sodat die doodsengel nie aan hulle eersgeborenes sou raak nie.
- 29 Deur geloof het hulle deur die Rooisee getrek soos oor droë land, terwyl die Egiptenare, toe hulle dit probeer doen het, verdrink het.
- 30** Deur geloof het die mure van Jerigo geval, nadat daar vir sewe dae rondom die stad getrek is.
- 31 Deur geloof het Ragab, die prostituut, nie saam met die ongehoorsames omgekom nie, omdat sy die spioene in vrede ontvang het.
- 32** En wat moet ek nog meer sê? Want die tyd sal my ontbreek om te vertel van Gideon, Barak, Simson, Jefta, Dawid, en ook van Samuel en die profete –

- 33 hulle wat deur geloof koninkryke verower het, wat gedoen het wat reg is, wat beloftes verkry het, wat die bekke van leeus toegestop het,
- 34 wat die geweld van vuur geblus, die skerpte van die swaard ontvlug het, wat krag ontvang het in hulle swakheid, wat magtig geword het in oorlogvoering, wat slagordes van vreemdes afgeweer het.
- 35 Vroue het hulle dooies deur opstanding terugontvang; ander weer is gemartel toe hulle nie die vrylating wou aanvaar nie, sodat hulle 'n beter opstanding kon verkry;
- 36 nog ander het die toets van bespotting en slae verduur, en boonop van boeie en gevangenskap.
- 37 Hulle is gestenig, middeldeer gesaag; deur teregstelling met die swaard het hulle gesterf, in skaapvelle het hulle geswerf, in bokvelle, behoefstig, verdruk, mishandel –
- 38 die wêreld was hulle nie werd nie – terwyl hulle in verlate plekke en oor berge rondgeswerf het, en in grotte en in gate in die grond.
- 39** En hoewel daar oor al hierdie mense vanweë hulle geloof met lof getuig is, het hulle nie die belofte ontvang nie,
- 40 aangesien God iets beters vir ons voorsien het, sodat hulle nie sonder ons volmaak gemaak sou word nie.

HEBREËRS 12

Waarnemingswerkblad

Hoofstuktema _____

- DAAROM, terwyl ons ook so 'n groot wolk getuies rondom ons het, laat ons van elke las ontslae raak, van die sonde wat ons so maklik omring, en die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop,
- 2 die oog gerig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, Hy wat ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig gestel is, die kruis verduur het, die skande daarvan gering geag het, en sy plek aan die regterkant van die troon van God ingeneem het.
 - 3 Dink inderdaad aan Hom wat so 'n vyandigheid van die kant van sondaars teen Hom verduur het, sodat julle nie geestelik moeg raak en uitsak nie.
 - 4 Julle het nog nie ten bloede toe teenstand gebied in julle stryd teen die sonde nie.
 - 5 En julle het die aansporing wat julle as kinders aanspreek, heeltemal vergeet: “My seun, moenie die dissiplinerings van die Here geringskat nie, en moenie moedeloos word wanneer jy deur Hom bestraf word nie;
 - 6 want die een vir wie die Here liefhet, tug Hy, en Hy straf elke seun wat Hy aanneem.”
 - 7 Verdra dit as tugtiging, want God behandel julle as sy seuns. Want watter seun word nie deur sy vader getug nie?
 - 8 Maar as julle sonder tugtiging is, waaraan almal deel gehad het, dan is julle oneg, en nie egte seuns nie.
 - 9 Verder, ons het tog ons aardse vaders gehad, wat ons getug het, en ons het hulle gerespekteer. Sal ons ons nie baie eerder aan ons geestelike Vader onderwerp, en leef nie?

- 10 Want hulle het ons vir 'n kort rukkie getug volgens dit wat vir hulle reg gelyk het, maar Hy tot ons beswil, sodat ons deel kan kry aan sy heiligheid.
- 11 Op die oomblik lyk elke tugtiging wel nie of dit blydschap bring nie, maar droefheid. Later lewer dit egter 'n vredevolle vrug op vir hulle wat daardeur ingeoefen is: 'n vrug van geregtigheid.
- 12** Daarom, tel op die slap hande en die lam knieë,
13 en maak reguit paaie vir julle voete, sodat wat lam is, nie dalk mag swik nie, maar eerder gesond kan word.
- 14** Streef na vrede met almal en na die heiligmaking, waarsonder niemand die Here sal sien nie.
- 15 Sien toe dat niemand die genade van God verspeel nie, sodat geen wortel van bitterheid opskiet, en moeilikheid veroorsaak, en baie daardeur besoedel word nie;
- 16 ook dat niemand sedeloos of goddeloos optree, soos Esau nie – hy wat vir een maaltyd sy eersgeboortereg prysgegee het.
- 17 Julle weet immers dat, toe hy hierna die seën wou beërf, hy afgewys is, want hy kon nie 'n weg vind tot gesindheidsverandering nie – alhoewel hy dit met trane gesoek het.
- 18** Julle het nie aangekom by iets tasbaars, by 'n brandende vuur, en by duisternis en donkerte en stormwind nie –
- 19 ook nie by die klank van 'n basuin, en 'n weerklinkende stem wat die hoorders laat pleit het dat nie nog 'n woord vir hulle toegevoeg word nie;
- 20 want die opdrag, “Selfs as 'n wilde dier die berg aanraak, moet dit gestenig word”, kon hulle nie hanteer nie.
- 21 En so angswekkend was die verskynsel, dat Moses gesê het: “Ek is beangs, en ek sidder!”
- 22 Nee, julle het aangekom by die berg Sion en die stad van die lewende God,

- by die hemelse Jerusalem en tienduisende engele, by die feestelike byeenkoms,
23 en 'n gemeente van eersgeborenes wat opgeteken is in die hemele, en by God,
die Regter van almal, en by die geeste van die regverdiges wat vervolmaak is,
24 en by Jesus, die Middelaar van 'n nuwe verbond, en by die bloed wat gesprinkel
is, en wat sterker praat as dié van Abel.
- 25 Sien toe dat julle Hom wat praat, nie verontagsaam nie; want as hulle nie
ontvlug het toe hulle Hom, wat hulle op aarde gewaarsku het, verontagsaam
het nie, soveel te meer ons, as ons die rug draai op Hom wat ons van die
hemele af waarsku!
- 26 Destyds het sy stem die aarde geskud,
maar nou het Hy die volgende aangekondig:
“Nog een keer sal Ek
nie net die aarde skud nie,
maar ook die hemel.”
- 27 En hierdie uitdrukking “nog een keer” wys op die verandering van die
wankelbare dinge – aangesien hulle geskape is – sodat die onwankelbare dinge
sal bly.
- 28 Daarom, terwyl ons 'n onwankelbare koninkryk ontvang, laat ons dankbaar
wees en God daardeur op 'n welgevallige wyse dien, met eerbiedige
onderworpenheid en ontsag.
- 29 Want ons God is inderdaad 'n verterende vuur.

HEBREËRS 13

Waarnemingswerkblad

Hoofstuktema _____

DIE broederliefde moet bly!

- 2 Moenie versuim om gasvry te wees nie, want hierdeur het sommige, sonder dat hulle dit weet, engele as gaste ontvang.
- 3 Dink aan die gevangenes asof julle medegevangenes is, aan hulle wat mishandel word asof julle dit self aan julle liggaam beleef.
- 4 Die huwelik moet in alle opsigte eerbaar gehou word, en die huweliksbed moet onbesoedeld wees, want God sal hoereerders en egbrekers oordeel.
- 5 Julle leefwyse moet vry wees van geldgierigheid. Wees tevrede met wat julle het, want Hy het gesê, “Ek sal jou beslis nie verlaat nie, en ook nie in die steek laat nie”,
- 6 sodat ons met vertrouwe kan sê:
“Die Here is vir my ’n helper –
ek sal nie bang wees nie.
Wat sal ’n mens aan my doen?”
- 7 Hou altyd julle leiers in gedagte, dié wat die woord van God aan julle verkondig het; gee ag op die uiteinde van hulle lewensloop, en neem hulle geloof as voorbeeld.
- 8 Jesus Christus is gister en vandag dieselfde, en tot in ewigheid.
- 9 Moenie meegevoer raak deur allerhande vreemde leringe nie; want dit is goed dat die hart deur genade versterk word, nie deur eetgebruike wat dié wat daarvolgens lewe, niks baat nie.
- 10 Ons het ’n offeraltaar waarvan dié wat in die tabernakel diens verrig, nie mag eet nie.

- 11 Want die karkasse van die diere waarvan die bloed ter wille van die sonde deur die hoëpriester in die heiligdom ingedra word, word buite die laer verbrand.
- 12 Daarom het ook Jesus so buite die stadspoort gely, sodat Hy die volk deur sy eie bloed kon heilig.
- 13 Laat ons dus uitgaan na Hom buite die laer, en sy smaad verduur.
- 14 Want ons het hier geen blywende stad nie, maar ons is op soek na die toekomstige stad.
- 15 Laat ons dan deur Hom voortdurend 'n lofoffer aan God bring – dit is die vrug van lippe wat sy Naam saam bely.
- 16 En moenie versuim om goed te doen en mededeelsaam te wees nie, want God het behae in sodanige offers.
- 17 Wees gehoorsaam en onderdanig aan julle leiers, want hulle waak oor julle siele, as diegene wat rekenskap sal moet gee – sodat hulle dit met vreugde kan doen, en nie al sugtend nie, want dit sal vir julle nie goed wees nie.
- 18 Bid vir ons, want ons is oortuig dat ons 'n goeie gewete het, omdat ons in alles daarna streef om eerbaar te leef.
- 19 Veral pleit ek dat julle dit sal doen, sodat ek binnekort na julle teruggebring sal word.
- 20 En mag die God van vrede, wat die groot Herder van die skape, ons Here Jesus, uit die dood uitgelei het deur die bloed van die ewige verbond,
- 21 julle toerus met alles wat goed is, sodat julle sy wil kan doen, terwyl Hy in ons dit doen wat voor Hom welbehaaglik is, deur Jesus Christus, aan wie die heerlijkheid behoort, vir ewig en ewig! Amen!
- 22 Ek pleit by julle, broers, aanvaar hierdie boodskap van aansporing, want ek het maar kortliks vir julle geskryf.

- 23 Julle moet weet dat ons broer Timoteus reeds vertrek het. As hy binnekort kom, sal ek julle saam met hom sien.
- 24 Groet al julle leiers en al die heiliges. Dié wat van Italië is, groet julle.
- 25 Die genade bly met julle almal!

HOE OM 'N HOOFSTUKSTUDIE TE DOEN
KOM ONS BEGIN!

'n Hoofstukstudie help ons om te fokus op die detail in die hoofstuk om beter te verstaan wat die skrywer sê. Elke vaardigheid word gebruik om belangrike punte te beklemtoon.

• LEES MET 'N DOEL

Almal van ons het al 'n hoofstuk in die Bybel gelees, die Bybel toegemaak, en toe besef dat ons glad nie weet wat ons so pas gelees het nie . . . omdat ons doelloos gelees het.

Om met 'n doel te lees ondersoek ons die teks met die 5 W- en H-vrae — *Wie, Wat, Waar, Wanneer, Waarom* en *Hoe*. Byvoorbeeld, as ons Johannes hoofstuk 1 lees, vra ons vrae soos:

- Oor **wie** handel hierdie gedeelte?
- **Wanneer?**
- **Waar** was die Woord?
- **Wie** is die Woord?
- **Wat** het die Woord gedoen?

Elke hoofstuk of vers sal nie al 5 W- en H-vrae oor 'n bepaalde onderwerp of persoon beantwoord nie, maar jy moet die vrae deurgaans in jou gedagtes vra terwyl jy die teks lees.

• MERK SLEUTELWOORDE EN -FRASES

Die merk van sleutelwoorde en -frases en die opstel van lyste help om die 5 W- en H-vrae te beantwoord.

SLEUTELWOORDE is belangrike en herhalende woorde in die teks wat ons in staat stel om die teks te verstaan. Merk sleutelwoorde en -frases in die hoofstuk op 'n onderskeidende manier, tesame met voornaamwoorde en sinonieme wat daarna verwys. Gebruik kleure en/of simbole.

Byvoorbeeld: **Woord** is 'n woord wat herhaal word wat *onontbeerlik* is vir die verstaan van Johannes hoofstuk 1.

• LYTE

Die volgende stap is om lyste op te stel oor wat die hoofstuk oor elke sleutelwoord sê. Kyk op elke plek waar jy 'n sleutelwoord gemerk het en stel 'n lys op oor wat jy leer. Die gemerkte woorde is 'n eenvoudige visuele leidraad oor wat die teks sê.

'n LYS is 'n samestelling van feite oor 'n bepaalde woord of persoon. Dit verskaf die antwoorde op die 5 W- en H-vrae (wie, wat, waar, wanneer, waarom en hoe) oor daardie woord of persoon. Gebruik die woorde in die teks.

'n Lys oor die **Woord** uit Johannes 1 kan as volg begin:

- *was in die begin, v. 1*
- *was by God, v. 1*
- *was God, v. 1*
- *was in die begin by God, v. 2*

• **MERK EN EVALUEER**


KONTRASTE — sake wat van mekaar verskil en in die konteks teenoorgesteldes is.

Om 'n kontras te merk plaas so 'n simbool in die kantlyn by die vers(e): .


Johannes 1:17: “Want die **wet** is deur Moses gegee; (maar) die **genade** en die waarheid het deur Jesus Christus gekom.”

Let op na woorde wat as leidrade kan dien, soos *maar* en *nogtans*.

Johannes 4:2: “Hoewel Jesus self nie gedoop het nie, **maar** sy dissipels ...”


VERGELYKINGS — verwys na ooreenstemmende sake in die teks. Om 'n vergelyking aan te dui plaas 'n simbool in die kantlyn regoor die vers(e), so: . Let op na die woord *soos* . . .

Johannes 1:14: “... en ons het sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid **soos** dié van die unieke Seun van die Vader ...”

GEVOLGTREKKING / RESULTAAT / REDE — dui gevolgtrekking, opsomming of resultaat só aan: .

Let op na woorde soos *daarom*, *dus*, *gevolglik*, *want*, *omdat*, *om hierdie rede* ens.

Johannes 1:7: “Hy het tot 'n getuienis gekom om van die lig te getuig, **sodat** almal deur hom kon glo.”

UITDRUKKINGS VAN TYD — dui tyd, opeenvolging van gebeure of progressie aan. Plaas 'n sirkel in die kantlyn, . Let op na woorde soos *toe*, *daarna*, *wanneer*, *totdat*, *die dag van ...*, *in die sterfjaar van*.

Johannes 1:2: “Hy was **in die begin** by God.”

• **IDENTIFISEER ONDERWERPE OF TEMAS**

Identifiseer hoofonderwerpe, gebeure of feite in die hoofstuk deur dit paragraaf vir paragraaf te evalueer. Die **Waarnemingswerkblaai** wat voorsien word, is in paragrawe ingedeel (volgens die *New American Standard Bible* se indelings). Die begin van 'n paragraaf word aangedui deur 'n donkergedrukte teksversnommer. In ander vertalings word paragrawe soms deur 'n paragraafsimbool of 'n inkeping aan die begin van die paragraaf aangedui.

Lees elke paragraaf en skryf in die kantlyn die gebeurtenis, onderwerp of hooffeit van die paragraaf.

Johannes 1:6-8: **6** Daar was 'n man, gestuur deur God, wie se naam Johannes was.
Johannes getuig van die Lig **7** Hy het tot 'n getuienis gekom om van die lig te getuig, sodat almal deur hom kon glo.
8 Hy was nie die lig nie, maar hy moes van die lig getuig.

Om meer te leer oor hoe om 'n hoofstukstudie te doen, sowel as ander induktiewe studievaaardighede, wil ons jou aanmoedig om 'n kopie van die boek *The New How To Study Your Bible* aan te skaf. Bestel die boek deur +27 (021) 531-1836 te skakel, vind dit aanlyn by shop.precept.org.za of besoek Precept South Africa by Ringwoodrylaan 187, Pinelands, 7405, Suid-Afrika.

OOR PRECEPT

Precept is in 1970 gestig in Chattanooga, Tennessee. Ons missie is om mense te betrek by 'n verhouding met God deurdat hulle sy Woord leer ken. Deur die vervulling van ons missie hoop ons om Christene van alle ouderdomme van verskillende plekke met die lewensveranderende waarheid van God se Woord te bereik. Precept publiseer Bybelstudiewerkboeke en lei Bybelstudieleiers op om studente soos jy te help om God se waarheid self te ontdek en om daardeur getransformeer te word.

Ons bid dat, wanneer mense God se Woord bestudeer en leer ken, hulle Jesus Christus persoonlik sal leer ken en dat elke daad — elke dag — deur hul verhouding met Hom gevorm sal word. Met meer as 250 unieke titels van wisselende formaat het Precept 'n Bybelstudie wat net vir jou geskik is. Dit is tans beskikbaar in 80 tale en word in nagenoeg 185 lande gebruik.

ANTWOORD OP DIE ROEPSTEM

Noudat jy die Woord bestudeer, en biddend daarvoor nagedink het, vra jouself af of daar iets nuuts is vir jou om te glo of te doen. Of het dit jou beweeg om jou lewe te verander? Dit is een van die baie verstommende en bonatuurlike gevolge van 'n volgehoue studie van sy lewensveranderende Woord – dat God met ons praat.

By Precept South Africa glo ons dat ons God hoor spreek het oor ons aandeel in die Groot Opdrag. Hy het ons in sy Woord beveel om dissipels van mense te maak deur hulle te leer hoe om sy Woord te bestudeer.

As jy ons passie, om mense in God se Woord te vestig, met ons deel nooi ons jou om by ons aan te sluit! Sal jy dit biddend oorweeg om 'n maandelikse bydrae tot die bediening te maak? Om dit te doen, kan jy die bedrag waarop jy besluit het, elektronies oorbetal aan precept.org.za/get-involved/support-us, of die bedrag direk oorplaas na ons bankrekening. Stuur 'n e-pos na support@precept.org.za vir meer inligting.

PRECEPT MINISTRIES

Standard Bank, Rondebosch-tak

Rekeningnommer: 078 203 716

Verwysing: ATC én jou naam.

Bid asseblief met die oog op hoe die Here jou sal lei om dié roepstem te hoor.

KOOP MET 'N PLAN

Wanneer jy boeke, studies en oudiomateriaal nodig het, koop dit asseblief by Precept by shop.precept.org.za. Ons besef dat jy sommige van genoemde artikels goedkoper by gewone kleinhandelaars kan kry, maar wanneer jy deur ons koop, word die opbrengs gebruik vir die ondersteuning van ons werk, soos om:

- meer studies in ander tale te vertaal,
- ons werk in Suid-Afrika en dwarsdeur Afrika te ondersteun,
- leraars en Bybelstudieleiers in Suid-Afrika en die res van Afrika op te lei,
- mense van alle ouderdomme toe te rus met lewensveranderende Bybelstudievaardighede.

Wanneer jy deur Precept koop, help jy om ander mense in God se Woord te vestig!